



Hoe om in "MANUAL" af te neem



Kom ons stel ons kamera op "M" vir "MANUAL" en begin om ons kamera te leer ken:



Die 3 belangrikste “settings” van 'n kamera



SHUTTER SPEED (Sluiterspoed)

Hierdie setting beheer die spoed/beweging in 'n foto.



2. F-STOP (Aperture) (Lensopening)

Hierdie setting beheer die detail in die agtergrond van die foto.




3. ISO (Dit staan vir International Standards Organization) (Lig sensitiwiteit)

Hierdie setting beheer die hoeveelheid lig van die foto.

Waar sit hierdie verstellings (settings) op my kamera?


CANON

Meeste Canon kameras lyk min of meer so:



NIKON

Meeste Nikon kameras lyk min of meer so:




Shutter Speed

(Sluiterspoed)

(Beheer beweging in die foto)

Die Shutter Speed word op meeste kameras by hierdie “wielietjie”-knoppie gestel:



F-stop


(Aperture / focal-stop / fokus stop)

(Beheer die agtergrond in die foto)



F-stop staan vir 'focal-stop' of sommer net "fokus stop".

Terme soos 'Aperture' en 'Depth of Field' het alles te doen met die F-stop.



F-stop is een van die belangrikste en mees dinamiese verstellings op die kamera.




Op meeste **Canon kameras**, word die F-stop gestel deur die 'AV' knoppie vas te hou met jou duim, en terselfdertyd die "wielietjie" te draai as volg:




Op meeste **Nikon kameras**, word die F-stop gestel deur die '+/-' knoppie vas te hou met jou wysvinger, en terselfdertyd die instelknoppie met jou duim te draai as volg:



Sommige kameras, soos die **Nikon Coolpix-reeks** en sekere modelle van die **Mirrorless Canon & Nikon** kameras, het 'n tweede wielietjie waar die F-stop verstel kan word, as volg:



Of voor op die kamera hier:





Onthou: Indien jy nie jou spesifieke model kamera se knoppie kry nie – Google dit!

ISO


(Ligsensitiwiteit)

(Beheer die lig in die foto)


Sommige fotograawe praat sommer van 'AISOU' as 'n vaste woord, maar dit is eintlik 'n Engelse lettergreep: I-S-O wat staan vir "International Standards Organization"



Op meeste **Canon** kameras, word die ISO gestel deur sy eie onafhanklike knoppie te druk hier:





OF HIER:




Daarna, kan jy die getal kies deur of die wielietjie te draai, of met die "cursor" links en regs te beweeg.

Die ISO kortpad vir 'n **Nikon-kamera** sit (meeste van die tyd) voor op die kamera net langs die lens. Hou die 'Fn'-knoppie vas terwyl jy tegelykertyd die wielietjie draai met jou duim, soos volg:



Nikon se ISO knoppie kan moontlik ook hier sit:



Maak ook seker dat jou Nikon kamera se ISO nie op outomaties gestel is nie, bv. Auto-ISO (te vinde in die MENU.)


Met sommige kameras moet jy fisies in die MENU ingaan (druk die menu of "function"-knoppie en hardloop deur al die verskillende opsies) om die ISO daar te verstel.

Ander kameras, het weer 'n "touch screen," en ons kan net op die ISO setting self kliek en verstel.

Onthou: Indien jy nie die spesifieke knoppie op jou kamera kry nie, Google dit!


SHUTTER SPEED	F-STOP	ISO
Ligter	Ligter	Donkerder
3"	f1.4	100
1/10	f1.8	400
1/50	f2.8	1600
1/80	f4	4000
1/125	f6.5	6400
1/1000	f22	12800
Donkerder	Donkerder	Ligter

Shutter
Speed




Beweging

F-stop



Agtergrond

ISO



Lig

Hoe om te fokus


Het jy al ooit probeer om 'n voëltjie in die boom te probeer afneem, en alles is in fokus **behalwe** die voël??

Dit gebeur baie tipes wanneer jou kamera in Outomaties (groen) of enige van die ander verstellings as M – vir MANUAL gestel is.

Die kamera weet nie waarop jy wil fokus nie, en stel dan (outomaties) die fokuspunte om op iets in die prentjie te fokus – meestal dit wat naaste aan die lens is.

Maar, dit is nie noodwendig waarop ons wou fokus nie!

Wanneer ons deur die 'viewfinder' van die kamera kyk om te mik vir 'n foto, sien ons min of meer iets wat soos die volgende lyk:



(Dit is beter om nie op die skerm van die kamera te kyk om te fokus nie – dit is eerder bedoel vir videografe en mik-en-drukkers. Die beeld wat daar gewys word is dikwels onakkuraat. Kyk eerder deur die 'viewfinder' bo om die foto presies in fokus te kry.)

Kameras kan verskil – sommige het meer sulke blokkies, ander het klein kolletjies, maar dit lyk min of meer soos in die prentjie bo.


**Hierdie is die 'focal points' of fokuspunte.
Hiermee kan ons kies waarop ons wil fokus.**

Het jy geweet dat dit moontlik is om net een van hierdie fokuspunte te gebruik om mee te fokus?


Daarmee kan jy dan presies op die voëltjie in die boom fokus, en die voëltjie self sal in-fokus wees!

Dit is belangrik om as professionele fotograaf altyd **net een blokkie** te gebruik om mee te fokus!


Stel jou fokus op net een blokkie hier:



Met 'n **Canon** kamera kies ons 'n fokus-punt deur hierdie knoppie te druk:




Daarna kies ons eenvoudig 'n fokus-punt deur die 'cursor'-knoppie links, regs, op en af te druk, soos volg:



Met 'n **Nikon** kamera is dit baie meer eenvoudig.

Ons kies bloot 'n fokus-punt deur dadelik die 'cursor'-knoppie links, regs, op en af te druk, soos volg:



Maak net seker dat jou Nikon kamera se fokuspunte nie op outomaties gestel is nie.

Op meeste kameras kan jy dit stel deur na die **MENU** te gaan:

Menu – Kamera-icon (Shooting Mode) – AF-area mode – Viewfinder – **Single-point AF**

(Indien jou spesifieke Nikon kamera op 'n ander manier werk – probeer die antwoord op Google kry.)

Fokus altyd op die oog

Ons fokus altyd met die kamera se fokus-punt op die model se oog.

Daar is 'n baie spesifieke rede hiervoor.

Het jy geweet?

Wetenskap het bewys dat ons heel eerste op iemand se oë verlief raak!

Maak nie saak of jy 'n man of vrou is nie, ons almal kyk heel eerste vir iemand se oë. Daarna kyk jy moontlik vir iets anders, soos lippe, hare of liggaamsbou.

Wanneer jou model se oë in-fokus is, het jy altyd 'n wenfoto.

Hoe fokus ons met die kamera?

1. Besluit eers hoe jy jou foto wil spasieer of struktureer, bv. Portrait-styl of Landscape-styl, en kies dan die fokus-punt (blokkie) naaste aan die oog van jou model. Skuif dan die blokkie presies op die oog
2. Druk die "Shutter button" (afneem-knoppie) eers halfpad af, sodat die lens eers kan fokus.
3. Wanneer die foto (en veral die oog) mooi in fokus is, druk dan die afneem-knoppie al die pad af tot hy kliek!

Ander “settings”

Laastens, is daar ’n paar settings op jou kamera wat jou foto’s se kwaliteit ’n klein bietjie kan verbeter.

Elkeen van hierdie settings het sy eie meriete, en dit is dalk die moeite werd om oor elkeen se verskillende funksies te gaan nalees.

(Om elkeen in diepte te bespreek is dalk ’n boek op sy eie. Ek glo as jy hierdie settings instel soos wat dit hier uiteengesit is, is dit genoegsaam om jou kamera optimaal te gebruik.)

Gaan op jou kamera se **MENU** en hardloop deur al die verskillende opsies. Soek na hierdie spesifieke settings, en stel dit in soos aangedui op die volgende bladsy:



AF




- ★ **Image Quality:** ➤ (Large / JPEG fine)
- ★ **Metering Mode:** ➤ (Spot / Evaluative)
- ★ **Color Space:** ➤ sRGB
- ★ **Picture Style / Control:** ➤ SD Standard
- ★ **White Balance:** ➤ AWB / AUTO

★ **One Shot / AI Focus / AI Servo:**

Kies altyd "One Shot" uit hierdie 3 opsies.

★ **Continues Shooting / Drive Mode:**

Indien jy verkies dat jou kamera 'n klompie foto's agtermekaar moet neem wanneer jy die "Shutter Button" (afneem-knoppie) inhou, kies hierdie opsie:



Indien jy sou belangstel in 'n meer sorgvuldige les oor presies hoe om jou kamera in te stel, bestel die video-klas hier: www.pierrevee.com/leer-fotografie